# ONDERWYSERSOPLEIDING AS PRAKTIES-SIELKUNDIGE ANTWOORD OP DIE EISE WAT DIE MODERNE TYD AAN DIE CALVINISTIESE FILOSOFIE EN PRAKTYK VAN DIE OPVOEDING STEL

Die tema van hierdie simposium gaan oor hoe die eise van die moderne tyd deur die Calvinistiese filosofie en praktyk van die opvoeding benader kan word. Aan my is toebedeel die prakties-sielkundige aspek daarvan; maar dit is 'n geweldige wye onderwerp en daarom gaan ek my meer bepaald toespits op een besondere aspek daarvan naamlik die van die onderwyser en onderwysersopleiding.

Hier word van die moderne tyd gepraat. Nou het u gistermiddag van prof. Du Toit gehoor die probleme van die moderne tyd waarmee die skole te doen kry. En sonder om enigsins verder daarop voort te borduur wil ek net vir u kortliks 'n paar van die kenmerke aanstip en dan laat ek dit daarby want dit is teen dié agtergrond dat ons die probleem moet beskou. Die kenmerke van die moderne tyd is onder meer die volgende: humanisme, liberalisme, pragmatisme, materialisme, sekularisme, ontnasionalisering; die tyd van die massamens, tyd van grensuitwissing; die mens is vandag bandeloos, hy is normloos, hy is ankerloos, hy is vreesbevange as gevolg daarvan, hy is onverantwoordelik, roekeloos, want hy is godloos, en hy is selfs anti-god. Dit is die agtergrond waarteen ons hierdie saak moet beskou. Nou is die vraag hoe kan die opvoeding, die Calvinistiese siening van die opvoeding, daartoe iets bydra. Dit is nie vir my nodig om vir u te sê wat Calvinisme is nie. Kortliks is dit net ons ou boereopvatting van die Skrif, meer bepaald soos Calvyn dit geïnterpreteer het, die interpretasie van die Skrif wat vir ons die beste aanvaarbaar is. Nou is daar in hierdie behandeling twee aspekte van die opvoeding: aan die een kant die algemene, meer teoretiese of die filosofiese aspek, wat handel oor die beginsels of die lewensbeskouing en aan die ander kant die praktiese, die toepassing van die beginsels, die uitlewing of die interpretering van wat jy vir jou as uitgangspunt gekies het. Die twee kan natuurlik onderskei maar nooit geskei word nie. Dit is 'n probleem wat ons met baie mense het, ook onder ons opvoedkundiges, naamlik dat daar dikwels

nie onderskei word nie, of dat daar 'n te groot skeiding tussen die twee plaasvind.

Ek bepaal my hoofsaaklik dan by die praktiese deel, die prakties-sielkundige. Ek wil dit ook interpreteer as die opvoedkundig-didaktiese, want dit is eintlik waarop dit neerkom. Dit handel meer bepaald oor die hoe en die wat van die opvoeding, nie soseer oor die doelstelling nie, hoewel dit vanselfsprekend daarby ingesluit is omdat ons die aspekte nie kan skei nie. Dit sluit sulke dinge in soos die inhoud, kurrikulum, sillabus, die metode, die metodiek, wyse van onderrig, didaktiek, die kind, die leerling, die onderwyser, die opvoeder, die ouer, die tug en selfs sulke aspekte soos die organisasie en die administrasie. Ek gaan my nou bepaal by die een aspek, naamlik die leermeester of die onderwyser. Ek bepaal my ook meer by die formele aspek, die skoolaspek en nie die informele aspek, die huislike, die kerklike en ander daar buite nie. Ek trek dus die kringetjie nouer en bepaal my by die onderwyser.

Die rede is vir my voor die handliggend. Die onderwyser was eintlik nog altyd naas die doelstelling die kern van die onderwys, want sonder 'n goeie onderwyser kom daar niks tereg nie; met 'n goeie onderwyser kom daar gewoonlik alles van tereg. Hy is ook in die jongste tyd in die brandpunt van die belangstelling en in aansluiting daarby noem ek vir u die jongste wetgewing in die verband, die van onderwysersopleiding wat beliggaam is in die Wysigingswetsontwerp op die Nasionale Adviserende Onderwysraad. Baie belangrik ook vir my en ek neem ook as uitgangspunt art. 21 van die kerkorde van die Gereformeerde Kerk wat sê: Die kerkrade moet toesien dat daar goeie onderwysers is. Ek dink eerlikwaar ons het in die verlede 'n bietjie verkeerde aandag gegee naamlik dat ons ons aandag op die skool as sodanig toegespits het, kerkskole en groepskole en wat nie al nie, terwyl die Kerkorde vir ons sê ons moet na die onderwyser omsien. Ek wil dit graag beklemtoon.

Ek gaan kortliks aanhaal uit die nasionale onderwyswet nr. 39 van 1967 en wil veral op art. 2 wys. Die eerste punt gaan daaroor dat die minister nou 'n beleid kan bepaal. Dit is al 'n geweldige ding dat die minister nou ook ons laer en middelbare onderwys se beleid kan bepaal. Verder, die onderwys moet so wees dat dit 'n Christelike karakter moet hê maar dat die geloofsoortuiging van die ouer en die leerlinge eerbiedig word wat betref godsdiensonderrig en godsdienstige plegtig-

hede. Ek weet nie of u daar mooi oor gedink het nie: die uitsondering word alleen gemaak ten opsigte van die godsdiensonderrig, maar nie ten opsigte van die godsdienstige of die Christelike onderwys nie. Dit is vasstaande m.a.w. die verpligting is nou vir alle skole opgelê dat hulle Christelike onderwys of godsdienstige onderwys moet gee, en daarvan is daar geen vrystelling nie. Tweedens moet onderwys 'n breë nasionale karakter hê, en daarvan is geen vrystelling nie, dit is verpligtend. M.a.w. ons skole moet in die toekoms C.N.O.-skole wees, dis die implikasie. Verder moet dit in die moedertaal geskied en daar moet rekening gehou word met die kind se bekwaamheid, aanleg en belangstelling ens. Die onderwys moet gekoördineer wees en dit moet op 'n nasionale grondslag geskied. Hier staan ook die belangrike saak dat aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel toegeken moet word, en dat die onderwysersverenigings geken moet word.

Ek wonder of ons al regtig besef watter geweldige omkering en 'n totale ommeswaai in ons geskiedenis gekom het met hierdie wet. Dit was die voorreg van u Kanselier om daardie wet in te dien en daarmee het Potchefstroom nog 'n trappie hoër gestyg in die aansien van hierdie land. Dit beteken dat vir die eerste maal in meer as 300 jaar het ons swart op wit 'n onderwyswet gekry wat uitgaan van 'n filosofiese Christelike-nasionale lewensbeskouing. Dis die eerste wet met 'n lewensbeskoulike grondslag, en ek dink dis nie alleen enig in ons land nie maar dis enig in die hele wêreld. Daar is geen land ter wêreld wat so 'n grondslag het soos ons nie, en wat meer is, hy is verpligtend, hy is afdwingbaar. Nou wil ek vir u sommer dadelik sê dis iets geweldigs wat ons gekry het. Maar nou is dit gevaarlik ook om dieselfde rede dat die Republiek se koms gevaarlik was, nl. dat daar mense is wat dink nou het ons die Republiek gekry, nou het ons alles, nou kan ons gaan sit en nou sal dit vanself regkom. Ek is net bevrees dat hierdie wet so goed is, dat hy so alles vir ons gegee het, dat ons dit so vanselfsprekend sal aanvaar dat ons sal gaan terugsit, veral as ouers wat nou sê die onderwysers moet die taak verder verrig.

Ek wys net daarop dat by hierdie wet van 1967 daar 'n dag of wat gelede die derde lesing plaasgevind het van die wysigingswet op hierdie wet van 1967, en dit behels meer bepaald onderwysersopleiding. Ons sal later meer daaroor te sê hê.

Hierdie nuwe toestand skep nou 'n situasie waarby ons ons sal moet aanpas. Ons het nou wel 'n resep gekry, 'n raamwerk, maar hy moet nou uitgebou word, aan hom moet nou betekenis in die praktyk gegee word, en daaraan moet ons as opvoedkundiges, ons hele staatshuishouding, ons onderwysersverenigings, ons fakulteite van opvoedkunde, ons kolleges, almal in die toekoms help uitbou aan hierdie grondslag wat gelê is. Dit sal van ons afhang wat van daardie mooi saak gaan word.

Wat is die implikasies vir die onderwyser en vir die onderwys? M.a.w. watter vereistes kan ons stel aan so 'n onderwyser wat nou hierdie wet moet gaan uitvoer? Dit beteken in die eerste plek dat so 'n onderwyser, die prinsipaal, elke lid van die personeel, Christengelowiges moet wees anders kan hulle nie daardie wet uitvoer nie. Daar is ongetwyfeld van ons onderwysers, en u ken hulle, wat nie so sterk gelowiges is nie. Nou moet u self vir u afvra wat die implikasies daarvan is. Die wet is afdwingbaar, die persoon moet van dieselfde geloofsoortuiging, van dieselfde belydenis wees as die ouer. Let wel belydenis, nie kerk nie. M.a.w. hy moet 'n Christelike lewensbeskouing hê en hy mag in die toekoms geen afwykende of antichristelike beskouinge in die skool verkondig nie. Die gevalle wat ons dus gehad het van ouers wat bv. in die hoërskool, selfs op die laerskool, met ewolusiegedagtes en die soort goed gespook het, sal nou moet end kry. Dit is die implikasie hiervan. Dit beteken ook dat ons leerplanne en leergange positiewe, Christelik-nasionale inhoud moet hê. Dit beteken dat ons handboeke daardie inhoud moet hê, en party wat nie daaraan voldoen nie, sal eenvoudig afgeskryf moet word. En dit beteken — dit is baie belangrik — dat die hele gees en rigting van ons skool nou positief, Christelik-nasionaal moet wees. Daar moet Christen-Afrikaners gevorm word. Dit is wat hierdie wet vir ons beteken.

Wat die nasionale betref, beteken dit dat so 'n onderwyser in die breë sin van die woord nasionaal moet wees, nie in die partypolitieke sin nie. Hulle moet aan dieselfde volk behoort. Hy moet dieselfde taal praat as die kind en die ouer, hy moet dieselfde kultuur en tradisies en lewensbeskouing huldig. Hy moet kennis dra van sy land en sy volk en van die se kuns en kultuur. Hy moet nie alleen daarvan kennis dra nie, hy moet dit lief hê en hy moet die kinders kan besiel, positief kan besiel, in daardie rigting. Hy moet kennis dra van die kind, sielkundige kennis van die kind. Hy moet die ouer ken en

verstaan. Hy moet sy vak ken, m.a.w. hy moet die Opvoedkunde en die Didaktiek in sy wese ken, dit wil sê hy moet 'n akademiese en professionele opgeleide en geskoolde persoon wees, beide wat die teorie en die praktyk betref. Hy moet kennis dra van die Christelike geloofsleer, die kultuurgeskiedenis van sy land en volk, die sielkunde van die hele kind, m.a.w. van die wysgerige antropologie. Hy moet dus 'n wetenskaplike wees met behoorlike vakkennis. Hy moet al die dele van die Opvoedkunde behoorlik beheers, want dit het te doen met die oordra van die kennis, vaardighede en gesindhede by die kind. Dit sluit sulke dinge in soos: kennis van differensiasie by kinders ten opsigte van hulle aanleg, iets waarvoor hierdie wet verpligtend voorsiening maak. Hy moet kennis dra van die ordening, aanbieding, toetsing en van die leerstof. Hy moet die ouer ken, met hom goed kan saamwerk by wyse van ouer-onderwysersverenigings ens. Hy moet in die algemeen die kultuurleier, die Christelik-nasionale kultuurleier van sy omgewing wees.

Dit is 'n ontsaglike taak. Dis van enige onderwyser altyd waar, maar met hierdie wet word aan hom amper bo-menslike vereistes gestel. 'n Mens vra jou af, waar kry jy 'n persoon wat hieraan kan beantwoord. Dit is egter die taak wat ons in die toekoms opgelê is, dit is ons verantwoordelikheid, maar dit is ook ons geweldige geleentheid. Dit is die mense wat per slot van sake nog naas die ouers die volk van die toekoms kan en moet vorm.

Hierdie wet lê nou ook in die toekoms 'n geweldige taak op die ouer. Hy het nie nou alleen die reg nie, maar ook die verpligting en die groot geleentheid om hom te laat geld, want die wet staan agter hom. Hy kan nou sy eise stel en niemand kan vir hom sê hy het niks te sê nie, binne perke natuurlik, bv. die verkiesing van skoolkomiteelede en die reëling van ouer-onderwysersverenigings. Hy het 'n doopbelofte afgelê waarin hy gesê het hy sal self daardie onderrig waarneem of, waar hy dit nie self kan doen nie, hy dit sal laat waarneem. Nou het hy mos die onderwysers wat dit vir hom kan waarneem, maar hy moet hulle bystaan. Dit lê ook 'n geweldige taak en 'n verantwoordelikheid, maar ook 'n mooi geleentheid, op die onderwysers as 'n groep, d.w.s. op die onderwysersverenigings, en hulle moet nou ook in die toekoms meer geken word by alle onderwyswetgewing.

Dit bring ons meer bepaald by die onderwyser as sodanig.

Nou sal u besef waarom die opleiding van die onderwyser so 'n uiters belangrike saak is. Dit is die rede waarom ons kerkorde die klem op die onderwyser se opleiding gelê het, dat die kerkrade moet toesien dat daar goeie onderwysers beskikbaar is. Dit is nie alleen vir die kerk van die grootste belang nie, dit is ook vir ons land en vir ons volk se hele toekoms van belang dat daar goeie onderwysers opgelei word. Want dit vereis geweldige hoë beroepsbekwaamheid by die mense, dit vereis baie sterk persoonlikheidseienskappe van so 'n man om aan die vereistes van vandag te voldoen. Want die onderwyser se werk is anders as die van die ander man, as die van ander professionele mense. Hulle het te doen met brûe en paaie en hospitale en dinge. Onderwysers se werk is ewigheidswerk, hy het te doen met 'n kind wat 'n bestemming het, met die siel van die kind. En dit is 'n baie moeilike werk, veral om twee redes: Eerstens omdat die toekoms waarvoor ons die kind voorberei onberekenbaar is, dus onbepaalbaar, dus onbekend; ons weet nie presies wat die toekoms vir ons gaan lewer nie, maar ons moet voorberei, ons moet oplei vir 'n toekoms wat ons eintlik nie ken nie. En tweedens is die kind net so 'n onbekende entiteit. 'n Kind is 'n onberekenbare wese. Jy kan nie met 'n wet na 'n kind toe gaan nie en sê jy het nou vasgestel dat soveel kinders so handel, daarom sal hierdie kind ook so handel nie. As dit so was, sou opvoeding nie 'n moeilike taak gewees het nie. Maar die kind is onberekenbaar, hy is ook onbekend. En nou het die onderwyser met twee onbekendes te doen en dit bepaal eintlik sy opdrag: dit is vir hom onbekend en tog moet hy daarmee positiewe werk lewer.

In die opleiding van die onderwyser begin ek dan by die keuring. By keuring bedoel ek die vooraf toelating tot die onderwysprofessie. Dit is 'n uiters belangrike saak. Keuring geskied vandag nog in redelike mate by die kolleges, maar ek dink by die universiteite is daar eintlik nie sprake van keuring van onderwysers nie. By die kolleges kom die man direk van die skool af en die skool lewer 'n rapport hoe goed of hoe sleg ook al, maar daar is ten minste 'n basis waarop jy kan gaan. Die universiteitsman gaan ook van die skool na die universiteit, neem gewoonlik sy graad oor drie jaar en daarna, as hy dan besluit om onderwyser te word, stap hy direk van sy graad af na die onderwysprofessie, geen keuring dus na die graad nie. En nou het dit al gebeur, en u ken seker ook sulke gevalle, dat 'n predikant wat in sy gemeente 'n sedelike misstap begaan

het, daarna deur sy kerk geskors is en toe net eenvoudig na die universiteit gegaan en hom laat inskryf het as 'n onderwyser, 'n sekondêre onderwyser; en dit is nou die man wat jou volk se kind moet opvoed. U sal besef hoe uiters belangrik daardie beginstadium is om net eers die man daar te kry of nie daar te kry nie. Daarom wil ek dit stel dat daar in die toekoms baie deegliker aandag aan keuring gegee sal moet word. Dis 'n ernstige saak wie ons toelaat om ons volk se kinders groot te maak. Daar is in die verlede, dink ek, ten onregte te veel aandag eensydig aan die intellektuele aspek gegee, d.w.s. aan die skolastiese prestasies. Daar word nie genoeg aandag gegee aan die mens as sodanig nie, aan sy persoonlikheid, aan sy karakter, aan sy gesindheid, aan sy lewensbeskouing, aan sy hele grondslag. Dit is 'n saak wat ek aan die hand wil gee wat in die toekoms baie ernstiger aandag moet geniet. Nou reeds op skool waar dié leerling is wat môre die onderwyser gaan word, moet so 'n persoon behoorlik dopgehou word.

In die verlede, as gevolg van omstandighede, bv. salarisse en werksomstandighede en wat nie al nie van die onderwys waaroor 'n mens baie liries kan raak, het baie onderwysers positief in die klaskamer en die skoolhoof daarby, hulle kinders afgeraai om onderwysers te word. Nou dit, dink ek, is 'n skande, maar dit gebeur en dit het baie gebeur, en u weet dit so goed soos ek. Nou sien ek dit so dat in die toekoms geen onderwyser, wie hy ook al is, die reg sal hê nie om so 'n onreg teenoor 'n kind en teenoor sy volk te doen, nl. om hom af te raai om 'n onderwyser te word. Want ons het nou 'n basis: 'n onderwyser moet 'n Christen-Afrikaner wees met 'n geweldige taak en 'n geleentheid om sy volk te help vorm. 'n Man wat iemand afraai om daardie groot taak op hom te gaan neem, doen 'n kriminele misdaad teenoor sy volk en ek dink dat dit die soort ding is wat onder meer die taak van die ouers sal wees om vas te stel dat hierdie soort ding in die toekoms nie meer gebeur nie. Trouens dit behoort die roeping en die taak van die onderwyser, die prinsipaal en die inspekteur te wees om die kinders positief aan te moedig om onderwysers te word want dit is 'n edele roeping, een van die edelste roepings wat daar is. Daar kan meer gedoen word, ook van die kant van die departement. Daar kan bv. voorlesings by die skole gehou word om die kinders aan te moedig en vir hulle die geleentheid as 'n uitdaging te stel, as 'n beroep, as 'n appèl wat op hulle gedoen word om iets by te dra, want dit is die onderwyser se taak om diens te

lewer en nie om gedien te word nie. Daar kan bv. skakelbeamptes deur die departement aangestel word wat rondgaan by die skole om die kinders voor te lig ten opsigte van die onderwys. Departementele tydskrifte kan in die verband baie doen, rolprente wat na skole rondgestuur word, kan baie doen en skole kan op gesette tye besoeke bring aan fakulteite opvoedkunde, of aan 'n kollege om hulle 'n insae te gee in die praktiese werk van die onderwysersopleiding.

Op kollege of op universiteit moet die mense wat nou kom, wat by die skole gekeur is en waarvan die verslae aan hulle voorgelê is, verder deeglik gekontroleer word. 'n Mens moenie sommer aanvaar dat iemand wat deur die skool aanbeveel is, vanselfsprekend reg is nie. Ek dink die personeel moet gereeld op kolleges en op universiteite by mekaar kom om elke student behoorlik te bespreek, persoonlik, sodat daar 'n gedurige keuring aan die gang is. Die idee moet nie posvat dat as 'n persoon eenmaal gekeur is, hy nou daar bly nie; dit was ongelukkig in die verlede dikwels so. As jy eers in die onderwys beland het, gaan dit broekskeur om jou daar uit te kry, al is jy ook hoe swak. Jy moet eintlik 'n misdadiger wees voordat hulle jou kan skors. As jy in die diens is, moet die keuring nog voortgaan. Dit is op die oomblik so, meen ek, dat daar nog 'n jaar van 'n respyt is voor jy eintlik jou sertifikaat kry, so 'n soort proefjaar. Ek dink dit is baie goed, maar selfs daarna, dink ek, is dit baie nodig dat daar 'n gedurige keuring op die onderwyser is, in die sin dat daar binne sekere perke, sê nou maar na 5 jaar, sekere prestasies, akademies of professioneel of albei, van elkeen verwag word. Hy kan bv. 'n ekstra graad verwerf of 'n ekstra diploma, of hy kan van die in-dienskursusse of die voorligtingskursusse wat die departement reël, bywoon. As hy egter nie daaraan voldoen nie dan, dink ek, moet ons net eenvoudig sê: „Jy stel nie belang nie, jy wil jou as 'n professionele mens nie op hoogte hou nie. Dan kan ons sulke mense nie langer toelaat nie". Ek dink ons moet allerlei middele aanwend om die onderwyser te laat verstaan: „Kyk, my roeping is 'n taak wat nooit ophou nie; ek is elke dag van my lewe verplig om net my beste te lewer in diens van my land, van my volk en van die kinders en ouers van my volk". So sien ek dit. Miskien is ek 'n bietjie idealisties, maar ek dink dit is so 'n mooi taak, so 'n mooi roeping en die vrugte is party maal so pragtig ten spyte van teleurstellings, dat ons net die allerbeste mense vir hierdie taak kan kies.

Nou kom ons by die opleiding. By die opleiding het ons dadelik te doen met die dosent aan die universiteit of aan die kollege. En wat ek gesê het van die onderwyser op skool, geld in baie groter mate natuurlik hier. Dit bring ons by die eintlike probleme wat hierdie wet vir ons gaan gee. Ek dink in die algemeen het die mense op die kolleges nog redelik aan die C.N.O.-vereistes van die wet voldoen, maar op die universiteite wat sogenaamd outonoom is en wat nog 'n gewetensklousule daarby het, het hierdie kriterium nie altyd gegeld nie. Jy het enige afwykende mening daar gevind en die dosent het gesê: „Dit is reg, my akademiese vryheid; ek het reg om te onderrig en ek wil onderrig en volgens my eie standpunt". Maar hierdie wet sê nou: tot hiertoe en nie verder nie! Jy kan nie nou meer so iets doen nie, want jy lei nou 'n man op om onder hierdie gees en gesindheid te gaan onderwys gee, en jy kan nie anders oplei en met 'n ander gesindheid en grondslag as wat hierdie wet voorskryf nie. Die hele gees en opleiding aan so 'n kollege en aan 'n universiteit moet nou ook Christelik-nasionaal wees. Hierdeur, sê ek, het die universiteite groter probleme as die kolleges, om nou maar een voorbeeld te noem. Op 'n dag kom die Staatspresident of die eerste minister 'n kollege besoek. Jy kan redelik maklik die hele kollege sluit want dit is almal onderwysmense, maar as hy nou kom om die onderwysers op 'n universiteit te besoek of toe te spreek dan is dit 'n ander storie, want nou sit die mense in verskillende akademiese klasse en hulle is nie bymekaar nie en jy kan nie die universiteit so maklik sluit soos jy 'n kollege kan sluit nie. Jy kan bv. nie so maklik soos by 'n kollege 'n nasionale feesdag hou nie, 31 Mei byvoorbeeld. 'n Universiteit is by ons dusver nog anders. Dit bring sekere probleme en ons sal ons in die toekoms rekenskap daarvan moet gee hoe ons die universiteite wat ons sekondêre onderwysers nou moet oplei, daardie taak sal aanpak.

Ek het van die gewetensklousule gepraat. Hier is nou vir my 'n botsing en dit is 'n probleem waaroor ons moet dink. Aan die een kant het die meeste universiteite 'n gewetensklousule, eintlik almal behalwe die P.U. vir C.H.O. Dit beteken dat daar nie na die godsdienstige oortuiging van die dosent navraag gedoen mag word nie. Maar hierdie wet sê nou jy kan nie anders nie as om op die dosent se lewensbeskouing in te gaan nie, jy moet nou na sy lewensbeskouing navraag doen en jou van sy Christelike-nasionale beskouing vergewis. Hier is 'n botsing en dus 'n nuwe probleem wat vir ons geskep is. Nou wil ek

in alle beskeidenheid twee uitweë aan die hand gee soos ek dit sien: Die een is dat vir die opleiding van die onderwysers, en ek praat nou meer bepaald van die universiteite, hierdie gewetensklousule opgehef sal word. Ek sien nie hoe dit anders kan nie, soos dit by die teoloë opgehef is, want uit die aard van die saak is die teologiese opleiding konfessioneel en kan dus nie aan die gewetensklousule voldoen nie. Nou lyk dit vir my daar is 'n presedent wat gevolg kan word, naamlik dat fakulteite van opvoedkunde vrygestel word ten opsigte van die gewetensklousule, want aan hulle is nou 'n verpligting, 'n positiewe verpligting, opgelê. Maar dit het 'n verdere implikasie. By baie universiteite is die persoon wat die metodiek van 'n vak onderrig buitekant die fakulteit opvoedkunde. Die dosent wat die metodiek van Chemie waarneem is dikwels die man in die departement Chemie, hy staan buitekant die fakulteit opvoedkunde, maar hy moet nou ook aan hierdie lewensbeskoulike vereistes voldoen. Nou lyk dit vir my almal wat betrokke is by die opleiding van die onderwysers moet vir daardie doel vrygestel word van die gewetensklousule.

Dan dink ek 'n mens kan dit op nog 'n manier doen, nl. deur te differensieer ten opsigte van vakinhoud. Op Stellenbosch het hulle vir die mense wat in die militêre rigting opgelei word, 'n Geskiedenisleerplan wat meer toegespits is op strategie in oorlogsvoering in daardie aspekte van die verlede. Die inhoud is nie minderwaardig nie, maar andersoortig. Hulle Aardrykskunde is in 'n baie groot mate toegespits op kartografie, nie minderwaardig nie waar andersoortig. Nou lyk dit vir my ons kan dieselfde ding ook hier doen, en miskien sal dit baie goed wees ook uit 'n opvoedkundige standpunt, dat ons differensieer tussen twee groepe studente wat 'n graad neem, sê maar 'n B.A.-graad. Hy kies sekere vakke, sê Geskiedenis en Aardrykskunde. Die een man gaan 'n mynbouer word, die ander 'n dosent en die derde wil 'n onderwyser word. Waarom kan ons nou nie differensieer tussen die leerplanne en die leergange van die groepe studente nie? Ons gee vir die een 'n kursus met 'n onderwysgerigte inhoud, nie minderwaardig nie maar andersoortig. Op die hoërskool het ons ook die verskillende indelings, wat egter nie orals so baie byval vind nie, maar die beginsel is in elk geval gesond dat jy 'n andersoortige inhoud gee aan verskillende kursusse.

Wat die inhoud van die opleiding betref, het ons die akademiese en professionele opleiding wat altwee deeglik aan-

dag moet geniet. Ons kan ook onderskei tussen die primêre en die sekondêre. Ek dink ons primêre onderwysersopleiding behoort meer akademies te wees of behoort meer aandag te gee aan die akademiese vorming ook, en ons sekondêre opleiding behoort miskien meer aandag te gee aan die prakties-professionele. Die ander beklemtoon miskien weer die prakties-professionele te veel, sonder 'n behoorlike akademiese grondslag. In die verband is dit nodig dat daar minder met resepte gewerk moet word en meer met breër beginsels. Ek dink as 'n mens enigsins 'n bietjie verstand het en iemand gee vir jou die breë beginsels waarop jy moet werk, kan jy redelik goed reg kom met enige vak, want daar is nie twee kinders wat eenders is nie, en 'n onderwyssituasie of 'n klaskamersituasie kan jy nooit vooruit bepaal nie sodat jy nooit weet hoe hy gaan verloop nie. Die eienaardigste dingetjies kan plaasvind wat hom in 'n heeltemal ander rigting stuur, m.a.w. jy moet jou gedurig elke oomblik aanpas by die situasie voor jou en dan werk 'n resep nie. Maar as jy beginsels het, dan kan jy jou baie beter daarby aanpas. Dan, dink ek eerlikwaar, dat ons vorming en onderwysers op kollege en universiteit, en veral aan die universiteit, baie meer aandag moet gee, positiewe aandag, aan sulke dinge soos leierskap, deelname aan sosiale, kulturele, godsdienstige en ander bedrywighede. Aan die kolleges word daar nogal iets gedoen, maar aan die universiteite sover ek weet bloedweinig, indien enigiets. En dit is vir my die belangrikste. Jy het per slot van sake nie so seer met vakke te doen wat jy aan die studente moet onderrig nie, maar jy het te doen met die vorming van 'n mens. En 'n mens is nie net 'n intellektuele wese nie, hy het nie net te doen met kennis nie, hy is meer bepaald 'n mens met 'n gesindheid, die gesindheid van die liefde wat die Skrif vir ons gee, en dit is belangrik dat ons daardie gesindhede by hulle kweek.

Hierdie wetsontwerp sê dat die minimum-duur van die opleiding van sekondêre onderwysers vier jaar behoort te wees en die minimum vir primêre onderwysersopleiding voorlopig drie jaar. Daar word langer opleiding in die toekoms beoog. Die Gericke-verslag beveel dit aan dat daar by die universiteite, in plaas van die patroon wat ons nog al die jare gehad het, naamlik van 'n driejarige akademiese opleiding plus daarna (wat dikwels losstaande daarvan is) 'n eenjarige professionele opleiding, daar nou 'n vierjarige geïntegreerde professioneel-akademiese opleiding sal wees, wat sal uitloop op 'n B.Ed.-

graad. Nou dit klink vir my 'n baie gesonde ding. Soos jy na die universiteit toe kom en sê jy kom inskryf as 'n ingenieur, met al die implikasies wat daaraan verbonde is, of as 'n dokter of 'n tandarts of wat ook al, sal jy nou kan inskryf vir 'n B.Ed.-graad. Dit het die voordeel dat jy van die begin af ingestel is op die vorming van 'n taak vir jou lewe, dat jy jou uit die staanspoor daaraan oorgee. Anders gaan die student eers 'n graad neem en dan agterna sê: „Nou ja, wat maak ek daarmee? Nou ja, hulle betaal darem nou nie so sleg nie, ek sal maar 'n onderwyser word". Dan kry jy nie die man met die regte gesindheid nie. Hierdie aanbeveling lyk vir my ook baie gesond in die sin dat ons dan daardie selfde graad, die B.Ed.-graad, kan neem vir die opleiding van beide primêre en sekondêre onderwysers. Ons wil graag ons primêre onderwysers ook gegradueerde mense hê. Daar sal altyd plek wees vir die niegegradueerdes, maar hoe meer gegradueerdes ons kan kry, ook in die primêre onderwys, veral met die oog op die hoofde, hoe beter. Die een kry dan 'n B.Ed.-graad (primêre onderwys) en die ander man 'n B.Ed.-graad (sekondêre onderwys).

Wat die plek van opleiding beterf, is daar in die jongste tyd heelwat gespook. Die wetsontwerp lê nou neer dat sekondêre onderwysers net aan universiteite opgelei mag word, primêre onderwysers beide aan universiteite en kolleges. En dit is slegs voorlopig so. Op 'n datum wat die minister bepaal, moet die opleiding vir die laerskool aan die universiteite en aan die kolleges in noue samewerking met mekaar geskied. Presies wat dit beteken, is nie so duidelik uit wat daar staan nie. Nou het ek dit so uit die mond van goeie getuienis dat die oogmerk is dat met verloop van tyd alle onderwysersopleiding aan universiteite sal geskied. Ek hoop dit word waarheid; as dit van my afgehang het, dan was dit al so, want ek dink eerlik dit is die regte ding. Ek dink nie ons moet nou daarop ingaan nie, want die situasie is op die oomblik so dat kolleges nog bly voortbestaan tot op 'n sekere datum. Dan moet hulle saam met die universiteite werk en, dit is my inligting, die oogmerk is dan dat hulle later sal oorgaan na die universiteite toe. Maar dit bring 'n geweldige verantwoordelikheid, dit bring heeltemal 'n nuwe situasie en ons moet ons daarvoor klaarmaak. Hierdie stryd het dikwels gegaan oor wie wen en wie verloor en elke man was daarop toegespits om vir hom die wenkant toe te eien, ongeag die gevolge daarvan. As dit so is dat die universiteite in die toekoms die enigste

plek van opleiding gaan wees, dan sal dit vir hulle min help om te spog dat hulle gewen het as dit vir hulle slegs beteken dat hulle 'n klomp ekstra mense by kry. Dit beteken dat hulle nou sal moet voorsiening maak vir 'n situasie waarvoor hulle in die verlede nie toegerus was nie. Hulle was nie toegerus om die primêre onderwysers op te lei soos hulle opgelei behoort te word nie. Die universiteit sal behoorlik moet beplan, hy sal dinge moet invoer wat vroeër nie bestaan het nie, hy sal hom moet aanpas by die nuwe situasie.

Proefonderwys is 'n baie belangrike aspek van onderwysersopleiding. Ek dink in die verlede het die skole wat die jong studente ontvang het te veel gevoel, eintlik reg gevoel, dat hulle net gebruik word (of dikwels misbruik word) om 'n diens te lewer waaraan hulle eintlik geen aandeel het nie, waarin hulle min seggenskap het. Ek wil graag dit stel dat by die proefonderwys die skole moet voel, van die hoof af tot by elke vakonderwyser, dat hulle net so 'n aandeel het, net so 'n positiewe aandeel, net so 'n verantwoordelikheid, net so 'n roeping en 'n taak met die vorming van daardie jongmanne en -dogters as wat die kolleges of universiteite het. En ek is seker dat as dit so gereël kan word dat skole daardie verantwoordelikheid kry, dat daar behoorlike koördinasie is, dat hulle kan voel hulle is mede werksaam in die opleiding van die onderwysers, dan sal die gesindheid tussen die twee beter word en sal proefonderwys behoorlik kan plaasvind. Ek wil dit ook graag stel dat ek dink dat daar meer aan die jong studente oorgelaat moet word, en vir 'n langer tyd. Die student moet bv. nie net vir een periode op 'n dag onderwys gee nie en weer 'n dag of wat oorslaan nie. Met verdrag moet die jong studente meer verantwoordelikheid, meer selfstandigheid kry en hulle moet bv. 'n hele dag lank of 'n hele week selfs of ook langer tye, (en waarom nie met betaling van die departement nie) miskien 'n kwartaal lank 'n klas oorneem, onder die toesig van die vakonderwyser, die skoolhoof, die inspekteur ens. As dinge so gereël kan word, sal die skole voel hulle dra by en dan sal daar ook uit die aard van die saak meer mense uit daardie skole kom om hulle as onderwysers aan te bied.

Nou ten laaste 'n sakie wat ek reeds al by implikasie aangeroer het: daar is ook so iets soos nasorg. Ek dink 'n mens moet dit nie so beskou dat as die man eenmaal opgelei is, hy nou klaar is nie; daar moet nasorg wees. Ek dink die jong student wat as onderwyser uitgaan nadat hy aangestel is, moet

gedurig die skakeling met sy ou alma mater kan behou. Hulle moet sy adres besit en met sy doen en late op hoogte wees. Hy moet gedurig kan skakel en sekere navrae doen, om hulp vra en raad vra as hy miskien vasbrand, want as hy eers in die praktyk staan, dan kom sy probleme. Daar moet ook gedurig druk op hom uitgeoefen word sodat hy hom op hoogte hou met die jongste ontwikkelinge bv. deur verdere studie vir ekstra grade of ander kwalifikasies.

Ek het vir u heel kortliks net 'n paar hoofmomente gegee. Ek sê weer, hierdie nuwe situasie bring vir ons pragtige geleenthede wat ons in ons lewe nog nooit gehad het nie, wat geen ander volk het nie, maar dit lê vir ons 'n taak op, 'n roeping, 'n verantwoordelikheid, wat ons nie van ons durf afskuif nie. En dis nie 'n maklike taak nie, dis iets heel nuuts, ons sal baie daaroor moet besin. Mag ons almal die nodige lig en die leiding kry wat in hierdie geleentheid aan ons gegee is om te mag bydra tot die eer van ons Skepper en tot heil van ons Vaderland.

D. H. Cilliers.

Dekaan fakulteit Opvoedkunde van Unisa.